

GEBEDSFOKUS

'n Islamitiese aanval op 11 Junie 2018 in 'n dorp naby die stad Palma, Mosambiek, naby die grens met Tanzanië, het brutaal die lewens van tien mense geëis en huise is tot op die grond afgebrand. Duisende inwoners het sedert 5 Oktober 2017 voor die Islamitiese opstand in die provinsie Cabo Delgado gevlug, na nabygeleë toeriste eilande en buurlande. Volgens die polisie is dit die eerste jihadistiese aanval in die land.

Die Islamitiese militante is geïdentifiseer as Ahlu Sunnah Wa-Jama (vertaal as "volgelingen van die profeet"), maar wat onder die plaaslike inwoners en amptenare as "Al-Shabaab" bekend staan, alhoewel daar geen bekende skakel tussen hulle en die berugte Somali-jihadistiese groep met dieselfde naam is nie.

Volgens navorsers bestaan die groep uit "sosiaal gemarginaliseerde jongmense sonder werk of formele onderwys" wat plaaslike Moslem-leiers verwerp het en wat verklaar dat die plaaslike gemeenskap nie die regte Islam beoefen nie en wil probeer om 'n Islamitiese staat op grond van Sharia-wetgewing te stig. Lede het tot dusver messe en kapmesse gebruik in hul aanvalle, wat daarop dui dat hulle nie toegang tot vuurwapens of plofstowwe het nie. Mosambiek se Moslems maak 18% van die bevolking uit, en 58% van hulle woon in die noordelike provinsie Cabo Delgado. Dit beskik oor 'n bloeiende aardgasbedryf ter waarde van \$30 miljard, maar het ook 'n hoë werkloosheidsyfer en lae onderwysyfer.

Die regering het gereageer deur moskees en madrassas (Moslemskole) te sluit en grootskaalse arrestasies te maak in 'n poging om die provinsie te herstel, in ooreenstemming met sy langtermyn pogings om die oorloggeteisterde land, beide ekonomies en polities, te stabiliseer.

Bid asseblief saam met ons vir Mosambiek, dat sy mense hierdie bedreiging doeltreffend kan hanteer, en dat gelowiges draers van hoop sal wees en nie aan vrees sal toegee nie.

"Mense kan ons pleidooi verag, ons boodskap verwerp, ons argumente teenstaan, ons menswees haat, maar hulle is hulpeloos teen ons gebede." (J. Sidlow Baxter)



DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

15 Julie 2018
Welkom by die Erediens



09:00 Hangklip - Ds. Jannie Hougaard

09:30 Kerkgebou - Ds. Steven Sass

Deurkollekte: Overstrand Kinder- en Jeugsorg

Eredienste Sondag 22 Julie 2018

08:30 Erediens Kerksaal
09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kerkgebou

Deuroffer: Bediening aan die Dowes

PINKSTER DVD'S

Almal wat die pakket bestel het, kan dit by die kerkkantoor kry.

ONS GEE OM



WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Ons dink veral aan Mariaan Hattingh: BB3,
Daan Botha: BB4, Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Thys Smuts: Bb4, May Meethling: Bb4,
Johan Els: Sa1,
Gerda le Roux: Sa3 (☎3254), Maria Human: Sc4,
Fanie van Zyl: HK3 (☎3431),
Annari Coetzee Bb4, Chris Grobler :PB3 (☎8783)
en Riti Turner KB1 (☎4917).

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar,
gelukwens:

Niel Cronje (BB1), Rosetta Marais (HK3),
Albie van Zyl (BB1).

SOP, SJERRIE EN SANGAAND

Donderdag 26 Julie om 18:00 hou Hangklip 'n sop-, sjerrie-
en sangaand in die sentrum.

Kaartjies is R50 persoon.

Vir meer inligting bel

Rudi (028 272 9054) of Ettiene (028 272 9689_



DEMENSIE

ONDERSTEUNINGSGROEP

Die volgende byeenkoms is Donderdag 26 Julie om 10:00
by Kogelpark. Suster L Nel van Brigadoon Village,
Bettysbaai, kom ons besoek.

Onderwerp: Hoe weet ek of dit normale veroudering of die
begin van Alzheimers is?

Bel Madeleine 082 434 7377 vir meer inligting.

WINTERMARK: POEDINGS

Baie dankie aan almal wat poedings gemaak en help verkoop
het by die wintermark. Ons gemeente se poedingtafel het
R5500 ingesamel!

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Betrokkenes by Arbeidsbediening vergader Donderdag om
16:30.

GREYTON: EEUFEEVIERINGE

21 tot 23 September 2018

Hulle nooi alle oud-lidmate en oud-inwoners van Greyton
om die geleentheid by te woon:

Vrydag 23 September: Potjiekos en Kenmekaar

Saterdag 24 September: Mini-basaar en Stories

Sondag 25 September: Nagmaal en Feesdiens,
Boomplant-seremonie, Hoenderbraai.

Bel die kerkkantoor vir meer inligting: 028 254 9855.

Lord, today I turn my face towards you.
I will turn

To soak in your words of life,
To rest in the warmth of your love,
And to bathe in the power of your Spirit.
- Prayer inspired by Psalm 28